

Skriflesing: Openbaring 4Teks: **Openbaring 4:1-2****Nabetrugting: Openbaring 4:8c****Sing- VOORAF: Sb. 5-4 (10):1,2,5,6****TYDENS EREDIENS: Sb. 5-3 (8):1,4,5; Ps. 33:7,8; Ps. 45:5,6; Ps. 23:3; Ps. 116 ...****Sb. 18-1 (9):1,2****Openbaring 4**

Rev 4:1 Hierna het ek, Johannes, in die hemel 'n deur gesien wat oopgemaak is, en die stem, soos die geluid van 'n trompet, wat ek die eerste keer met my hoor praat het, het gesê: "Kom op hierheen, en Ek sal vir jou wys wat hierna moet gebeur."

Rev 4:2 Onmiddellik is ek deur die Gees meegevoer. Ek het gesien daar staan 'n troon in die hemel en op die troon sit daar Iemand.

Rev 4:3 Sy voorkoms was soos opaal en karneool. Om die troon was daar 'n reënboog met die glans van smarag.

Rev 4:4 Reg rondom die troon was daar vier en twintig ander trone, en op die trone het daar vier en twintig ouderlinge gesit. Hulle het wit kleren aangehad, en op hulle koppe was daar goue krone.

Rev 4:5 Daar het weerligstrale, dreunings en donderslae van die troon af gekom. Vlak voor die troon het sewe fakkels helder gebrand. Dit is die sewe Geeste van God.

Rev 4:6 Voor die troon was dit soos 'n spieëlglatte see, helder soos kristal. Naby, rondom die troon, was daar vier lewende wesens, vol oë van voor en van agter.

Rev 4:7 Die eerste lewende wese het soos 'n leeu gelyk en die tweede soos 'n bul; die derde het 'n gesig soos dié van 'n mens gehad en die vierde het gelyk soos 'n arend wat vlieg.

Rev 4:8 Elkeen van die vier lewende wesens het ses vlerke gehad, wat aan die bokant en aan die onderkant vol oë was. **Hulle het dag en nag sonder om te rus, gesê: "Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, Hy wat was en wat is en wat kom."**

Rev 4:9 Elke keer wanneer die lewende wesens heerlikheid, eer en dank toebring aan Hom wat op die troon sit, wat tot in alle ewigheid lewe,

Rev 4:10 kniel die vier en twintig ouderlinge voor Hom wat op die troon sit, en aanbid Hom wat tot in alle ewigheid lewe. Hulle sit dan hulle krone voor die troon neer en sê:

Rev 4:11 "Here, ons God, U is waardig om die heerlikheid en die eer en die mag te ontvang omdat U alles geskep het; deur u wil het alles ontstaan en is dit geskep."

Skriflesing: Openbaring 4Teks: **Openbaring 4:1-2****Nabetrugting: Openbaring 4:8c****Sing- VOORAF: Sb. 5-4 (10):1,2,5,6****TYDENS EREDIENS: Sb. 5-3 (8):1,4,5; Ps. 33:7,8; Ps. 45:5,6; Ps. 23:3; Ps. 116 ...****Sb. 18-1 (9):1,2**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, verlede Sondag met ons voorbereiding was ons by die laaste van die briewe aan die 7 gemeentes. Ons was by Laodicea met sy lou warmwaterbronne. 'n Gemeente wat God op die punt was om hierdie kerk vanweë sy louheid uit sy mond uit te spoeg. Ons het hierdie afgelope maande gekyk na sewe briewe wat die toestand wat in die kerke van die Here heers uit verskillende kante en hoeke naby ons te bring. Sewe kerke wat toonbeeld word, hulle is simbool van God se ganse Kerk op aarde. Die kerke uit alle tye, lande, volke en nasies moet altyd hulleself op een of ander wyse kan meet en beoordeel in watter mate dien omstandighede wat in daardie kerke geheers het, ook vandag. Die Hoof van die kerk op aarde, Jesus Christus, wat in daardie gemeentes elke keer gesê het, *EK WEET ... EK WEET*

ALLES WAT JULLE DOEN ... Elke brief aan die sewe gemeentes sluit ook af met die belangrikste werk wat daar vir 'n gelowige in Christus kan wees, nie om te praat nie, maar om te luister ... hoe moet dit ook nie vandag in hierdie kerk weergalm nie, as daar vir ons gesê word- *Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê ...*

Mag ons by hierdie Nagmaal en voor ons Nagmaal kan vier waarlik ook die Woord van die Heilige Gees 'n luisterende woord maak voordat ons luisterryk kan Nagmaal vier. Die laaste van die sewe briewe het verlede Sondag sterk pynlik die gemeente in Laodicea in hulle hoogmoed en selfvoldaanheid ontbloot. Dit is 'n kwaai en baie skerp brief. Hoe God hierdie kerk getugtig het, hoe God juis tugtig omdat Hy liefhet. Vers 19 van Openbaring 3 stel dit so duidelik: *19 Ek bestraf en tug elkeen wat Ek liefhet. Laat dit dan vir julle erns wees en bekeer julle ...*

En dan eindig die sewende brief so mooi en is ook van toepassing op wat vandag in hierdie gemeente in Postmasburg aan die gebeur is en wat hier moet gebeur. 'n Kerkdeur wat vir die Here oopgemaak moet word voordat die doeke van die Nagmaal opgelig kan word. V.20- 20 *Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom die feesmaal hou, en hy saam met My.* Die klop aan die kerkdeure het deur sewe briewe gebeur; baie dinge was hard en duidelik uitgespel wat in daardie kerke verkeerd was, watter stryd daar gestry moes word. Maar die klop aan die kerkdeur van Postmasburg mag vandag ook nie anders na geluister word as wat daar in Filadelfia na God geluister moes word. En as God hier inkom, hoe pragtig van toepassing op die Nagmaal ... *As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom die feesmaal hou, en hy saam met My.* God hou saam met ons die feesmaal, God wil dit vandag ook doen met nie net die oopmaak van die kerkdeur nie, maar met die oopmaak van Openbaring 4.

Openbaring 4 het alles met oopmaak te doen soos Laodicea 'n oop kerkdeur moes hê, want toe God hierdie brief aan Laodicea geskryf het, was hulle kerkdeur inderwaarheid vir God toegemaak. Ons vraag by voorbereiding was ook gevra, met ons louheid wat tans in ons kerk- wees in Postmasburg aan die gang is, in watter mate luister ons en sal ons luister as God ook vir die gemeente op hierdie dorp in Postmasburg sê, 'n gemeente nou al 138 jaar aan die gang, *Ek gaan vir julle uit my mond uitspoeg ...* Is dit 'n waarskuwing wat maar net weer oor ons koppe

gaan wegwaai, ons steur ons nie regtig daaraan nie, want volgende Sondag as dit nie Nagmaal is nie, dan moet ons maar weer aanvaar hier gaan nie eers 30 mense kerk toe kom nie, dalk nie eers 20 nie, want ons wil ons nie regtig bekeer nie?! (Ons is mos Noord-Kapenaars wat daarvan hou om ons sterk te hou, om nie te wil luister nie). Terwyl God die Een is wat sê: *19 Ek bestraf en tug elkeen wat Ek liefhet. Laat dit dan vir julle erns wees en bekeer julle.* Mag dit vandag ook weer gehoor word as God nou hierdie feesmaal saam met ons hou dat my dankbaarheid om vandag hierdie Nagmaal te kon vier, werklik ook oorloop in my lewe, oorloop in die res van my erediensbywoning, oorloop in my dankoffers, oorloop in wat dankbaarheid werklik in geheel beteken omdat God vir ons groot en goed is. Ja, God is groot en goed, dit kan ons opskrif by hierdie preek uit Openbaring 4 ook vandag wees. Eerstens wil ons voor Nagmaal dit beklemtoon, God is groot, want kyk wat het Johannes net nie alles in die hemel gesien nie. En dan ná Nagmaal is ons hoofgedagte die grote God is ook goed, ek kon weer saam met Hom die feesmaal hou, want Johannes het ook dinge gehoor wat goed is. Eerste dan voor Nagmaal:

Die werklike groot dinge wat Johannes in die hemel gesien het?

Ons kan dit nie genoeg beklemtoon nie, God maak deure oop, so wou Hy dit ook met sy kerk in Laodicea gedoen het, maar vandag bring die grote God vir Johannes by 'n groter deur as maar net die deur van 'n kerk hier op aarde - Johannes is by die hemelse gebring, by 'n hemelse deur en Johannes beskryf presies wat gebeur het - *1 Hierna het ek, Johannes, in die hemel 'n deur gesien wat oopgemaak is, en die stem, soos die geluid van 'n trompet, wat ek die eerste keer met my hoor praat het, het gesê: "Kom op hierheen, en Ek sal vir jou wys wat hierna moet gebeur."*

Hierdie reeds oopgemaakte hemelse deur laat Johannes eerstens dinge sien voor Hy ook wonderlike dinge kon hoor. Die eerste en belangrikste wat Hy sien is die Troon van God. Die Troon staan sentraal. Ja, as ons die res van Openbaring lees moet ons uitgangspunt heelyd wees, dit wat Johannes heel eerste in die hemel gesien het, was God se troon. God se troon moet ook ons vertrekpunt met alles hier op aarde wees. Soos die troon dier sentrum van alles in die hemel is, dit vorm die hart van alles, so kan dit op aarde mos nie anders wees nie. Die feit dat God regeer, dat Hy waarlik oor alles regeer, moet een van die grootste en werklik fundamentele vertrekpunt in ons aardse lewens ook wees. Ook by vandag se Nagmaal moet my vertrekpunt wees dat daar niks losgemaak kan word van die heerskappy van God nie. Want gaan dit nie om

die troon op sigself nie, maar wat sien Johannes. Hy skryf dit later neer wat Hy gesien het ... *Ek het gesien daar staan 'n troon in die hemel en op die troon sit daar Iemand.*

En dan word Johannes meegevoer, want wat hy sien kan nie met gewone mensewoorde neergeskryf word nie. Ons as mense, aardse mense met sterflike liggame, so baie onvolmaakte dinge wat ons om ons sien en wat met ons gebeur. Ons word daagliks herinner aan ons onvolmaaktheid soos wat ons in die 7 briewe aan die 7 gemeentes op aarde ook gesien het, nie een van daardie kerke was volmaak nie.

Maar nou sien Johannes 'n volmaakte prentjie, die visioen waarin hy meegevoer word wil hom na die volmaakte heenvoer, om die onvolmaakte dinge wat ons hier op aarde beleef en mee gekonfronteer word net nog weer verder te onderstreep. Die volmaakte en die heerlijkheid van God is so groot dat gewone menseoë dit in alle geval nie kan vat nie. Geen mens kan God sien en bly lewe nie (vgl. Eks 33:20), soos wat ons vandag ook iets van God se genade en goedheid, deur tekens en middele, ja deur brood en wyn moet kan sien. God wil gesien wees, dis waarom Hy ook sy Woord vir ons gegee het, Sy openbaring! ... maar God weet ook ons as mense is te swak, te sterflik, te hulpeloos om God in sy volmaakte heerlijkheid te sien.

Daardie verblindende heerlijkheid van Hom wat op die troon sit het vir Johannes verder gegaan as net brood en wyn. In gebrekkige woord en beskrywing het Johannes net so ver kon kom om God se heerlijkheid by wyse van vergelyking met die kleure van klippe, ja van edelgesteentes te beskrywe. Edelgesteentes wat ook maaksel is van die volmaakte hand van God, maar nou gebruik Johannes die kleure van die edelgesteentes om groot dinge van God daarmee in verband te bring. Eerste praat Johannes van *jaspis*- (die 1983-Vertl praat van *opaal*) dit wat lyk soos 'n diamant, skitterend wit, sonder vlek of rimpel, dit wys op die heiligheid van God. God is heilig en Hy is rein. Die heiligheid wat eerstens gesien moes word voordat dit ook gehoor kon word! Direk hiermee saam sien Johannes die gesteente wat vertaal word as *sardius* of ons het geles van *karneool*. Hierdie is 'n deurskynende vuurrooi vonkelende steen. Die steen dui op God se geregtigheid. Ja God is 'n verterende vuur vir hulle wat na sy Woord nie wil luister nie. Hulle wat in hulle ongehoorsaamheid aanhou om God te minag sal met sy vuur van geregtigheid geoordeel word.

Direk hiermee saam sien Johannes rondom die troon 'n reënboog met die glans van smarag. Hierdie reënboog bo-oor en rondom die troon is teken van God se genade en vrede en goedheid en getrouheid. As God nie al hierdie dinge was nie sou ons nie kon Nagmaal vier nie. Al hierdie kleure en beelde is nie staties nie, want daar was ook weerligte en donderslae wat vanaf die troon uitgegaan het. Wanneer God verskyn kom alles in beweging want Hy is die God wat dinge laat gebeur. Dit is amper weer iets van soos toe God sy Wet op die berg Sinai gegee het was daar ook donderslae en weerligte.

Geliefdes ons besef die gesig wat Johannes in beelde en beweging en kleure van God gesien het, sou nie alleen wys op die grootheid en goedheid van God nie, maar ook die sewe fakkels vlak voor die troon wat helder brand wys die volle verliggende werking van die Heilige Gees. Die Gees wat oral is en altyd optree want Hy is God. Dit word beskryf as die sewe Geeste van God. God werk altyd ook lewewekend deur sy Gees. Johannes sien ook voor die troon 'n spieëlgladde see, helder soos kristal. Die see, soos ons die see ken is vol geheimenisse en ook altyd aan die beweeg. Dikwels is daar 'n groot onrus in die see wat vir Johannes ook kon herinner aan die onrus in die wêreld waarin ons is. Die wêreld waarbinne ons vandag Nagmaal vier is ook vol onrus, vol dreiging en beroering, 'n nimmereindigende kookpot. Dis soos ons dit sien maar van die kant vanaf hoe God daarna kyk, is dit 'n spieëlgladde see, rustig en deursigtig. God bly volkome in beheer en Hy regeer oor alles, ook oor die geheimenisse van ons lewe wat eksel self nie verklaar kry nie.

Laat ons vóór Nagmaal God se grootheid net nog in twee dinge raaksien. Rondom die troon van God was daar ook 24 ouderlinge. Ja, 24 trone met 24 ouderlinge rondom die groot troon gerangskik. Al wat dit vir ons beteken, ook vandag is dat God sy Kerk ten volle in sy heerskappy maar ook in sy heerlikheid betrek. God wil nie werk, God wil selfs nie regeer, los van sy Kerk nie. Die gesig wat Johannes sien is so ingerig dat alles wat in die hemel en op die aarde gebeur moet meewerk in belang van die Kerk. Ja, 24 ouderlinge deur die Kerk daargestel waar die simboliek van 24 dui op verteenwoordiging eers uit die 12 stamme van Israel, die Gods volk van die Ou Testament en die Nuwe Testament is die kerk gebou op die fondament wat die 12 apostels vir die Kerk moes kom neerlê. Die totaal van 24 ouderlinge in die hemel is die

verteenwoordigers van die ganse volk van God in alle tye, op alle plekke, waar ons ook al in die geskiedenis mag wees, daardie ouderlinge verteenwoordig die nuwe mensdom in Christus voor God.

Die laaste wat ons vóór Nagmaal God se grootheid mag raaksien, terwyl ons na Nagmaal nie net mag sien nie, maar ook die dinge mag hoor, wat God se grootheid en goedheid net nog verder beklemtoon. Johannes het ook gesien vier lewende wesens. Wesens vol van oë van voor en van agter. Die wesens verteenwoordig God se hele skepping. Oos, Wes, Noord, Suid word voor die troon afgebeeld, alle windrigtings is daar. Die een wese lyk soos 'n leeu, die ander wese lyk soos 'n kalf, dan ook een wat lyk soos 'n mens en die vierde lyk soos 'n arend. Die leeu verteenwoordig die wilde diere met hulle moed en majesteit. Die een wat herinner aan 'n bees verteenwoordig die mak diere met hulle krag en nuttigheid, die derde wese met die gesig van 'n mens verteenwoordig natuurlik die mens met sy redelikheid en heerskappy en noodwendig word die voëls van die lug ook in die arend verteenwoordig. Inderdaad die hele skeppingswêreld soos God dit op die sesde dag van sy skepping 'n werklikheid laat word, het, word afgebeeld. Dit was vir God ook die hoogtepunt van toe Hy geskep het, nou kom alles voor die troon te staan. Laat ons dan nou tot die Here se tafel nader, ja God se troon bevat soveel heerlijkheid, 'n bewys van God se goedheid en grootheid wat ons ook by die Nagmaal uitbring. Mag God se grootheid en goedheid ook oor hierdie tafel uitgesprei wees?

AMEN

Skriflesing: Openbaring 4

Teks: **Openbaring 4:1-2**

Nabetracting: Openbaring 4:8c

Sing- VOORAF: Sb. 5-4 (10):1,2,5,6

TYDENS EREDIENS: Sb. 5-3 (8):1,4,5; Ps. 33:7,8; Ps. 45:5,6; Ps. 23:3; Ps. 116 ...

Sb. 18-1 (9):1,2

Openbaring 4

NABETRACTING

Rev 4:8 Elkeen van die vier lewende wesens het ses vlerke gehad, wat aan die bokant en aan die onderkant vol oë was. **Hulle het dag en nag sonder om te rus, gesê: "Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, Hy wat was en wat is en wat kom."**

Rev 4:9 Elke keer wanneer die lewende wesens heerlijkheid, eer en dank toebring aan Hom wat op die troon sit, wat tot in alle ewigheid lewe,

Rev 4:10 kniel die vier en twintig ouderlinge voor Hom wat op die troon sit, en aanbid Hom wat tot in alle ewigheid lewe. Hulle sit dan hulle krone voor die troon neer en sê:

Rev 4:11 "Here, ons God, U is waardig om die heerlijkheid en die eer en die mag te ontvang omdat U alles geskep het; deur u wil het alles ontstaan en is dit geskep."

Ons gaan van hierdie Nagmaal weg nie net rondom die groot dinge wat Johannes gesien het nie, maar ook die groot dinge wat hy gehoor het. Op die troon was daar rus en kalmte, maar vanuit die troon kom daar geweldige kragte in beweging. Dit wat baie duidelik gehoor kon word, is wat daardie vier lewende wesens laat hoor het- Dis aangrypend as ons die lewende wesens dit hoor sê: Johannes skrywe - *Hulle het dag en nag sonder om te rus, gesê: "Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, Hy wat was en wat is en wat kom."* Die drie maal heilige uitroep wys daarop dat niemand anders aanbid kan word nie as net Hy wat op die troon is. Die ouderlinge wat die kerk verteenwoordig en die wesens wat die skepping verteenwoordig is almal en alles daarop ingestel om God te aanbid.

Dit waarop ons lewens ook ingestel moet wees. As ons elke keer weer onder die indruk gebring mag word hoe groot God se skepping werklik is. Hoe mooi, hoe omvangryk, kyk na die sterrehemel in die nag, kyk na die berge, kyk na die wolke, soveel is daar wat die skepping uitsonderlik mooi maak en dit is alles daar, nie eerstens vir ons om te gebruik en op te mors soos wat die mens in staat is nie, maar die skepping is eerstens daar om God te verheerlik. God het beslis nie geskep om die mens te verheerlik nie, maar God het geskep om Homself in die skepping te verbly. Die skepping moet alleen doen dit waarvoor God dit gemaak het, nl. om te verkondig en te laat sien God se ewige krag en goddelikheid. Dit wat God se grootheid en goedheid alles insluit is ook dit wat gehoor moet word.

Soos die skepping God alleen moet verheerlik moet ons as mense besef dis ook waarvoor God die mens gemaak het. Die mens is daar om God te aanbid. My lewe moet aanbidding wees- *Vita est Adoratio* staan dit in Latyn. Baie keer dink ons aanbidding is beperk tot gebed en kerk-toegaan, maar ons besef alles wat ons doen, moet aanbidding wees.

Watter omvangryke gedagte waarmee ons by hierdie nabetrugting vandag weer die lewe moet ingaan. Anders gesê ons hele lewe moet 'n loffer aan God wees. Ons besef dit wat Johannes daar gehoor het, was so aangrypend want kyk ook, maar veral, luister ook na die optrede van die ouderlinge ... *9 Elke keer wanneer die lewende wesens heerlikheid, eer en dank toebring aan Hom wat op die troon sit, wat tot in alle ewigheid lewe, 10 kniel die vier en twintig ouderlinge voor Hom wat op die troon sit, en aanbid Hom wat tot in alle ewigheid lewe. Hulle sit dan hulle*

krone voor die troon neer en sê: 11 "Here, ons God, U is waardig om die heerlikheid en die eer en die mag te ontvang omdat U alles geskep het; deur u wil het alles ontstaan en is dit geskep."

Dit wat hierdie ouderlinge in die hemelse gedoen het, is dit wat op aarde nie mag ophou nie. Die eer, die dank kom God alleen toe! Hy is die Een wat op die troon sit en wat tot in ewigheid sal lewe. Voor Hom moet gekniel word, ja voor die Heilige wat ons sy kinders gemaak het wat insluit Hy het ons sy profete, sy priesters, sy konings gemaak. As ek myself 'n kind van God noem maar ek is nie profeet, priester en koning in sy diens nie, hou op om jouself sy kind te noem. Mag ons Hom koninklik wil dien, soos die ouderlinge ook gedoen het, want hulle het elkeen 'n kroon op hulle koppe gehad, maar hulle het daardie krone afgehaal, hulle het hulle krone voor die troon neergesit. En dan waar ons nabetrugting wou hou om die grootheid en die goedheid van God wat gehoor kon word - Hoor wat sê die ouderlinge- *"Here, ons God, U is waardig om die heerlikheid en die eer en die mag te ontvang omdat U alles geskep het; deur u wil het alles ontstaan en is dit geskep."*

Meer hoef ons nie vandag te sê nie. Om vandag vóór die Nagmaal God se goedheid en grootheid te kon sien, om vandag ná die Nagmaal God se grootheid en goedheid te kon hoor, mag dit wees waarom jou lewe ook draai.

AMEN